

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Vrydag, 3 Junie 1966

WINDHOEK

Friday, 3rd June, 1966

No. 2725

INHOUD

No. R. 407	(Republiek) Wet op Outeursreg 1965: Kennisgewing van Voorgenome Publikasie
No. R. 408	(Republiek) Wet op Outeursreg 1965: Tantiëmestelsel (Opnames)
No. R. 414	(Republiek) Wet op Outeursreg 1965: Outeursreghof
No. R. 417	(Republiek) Wysiging van die Kommandoregulasies
No. R. 469	(Republiek) Regeringsdienspensioenwet 1965: Wysiging
No. R. 470	(Republiek) Regeringsdienspensioenwet 1965: Wysiging
No. R. 472	(Republiek) Regeringsdienspensioenwet 1965: Wysiging
No. R. 503	(Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Staande Mag
No. R. 504	(Republiek) Wysiging van die Kadetkorsregulasies
No. R. 505	(Republiek) Wysiging van die Kommando-regulasies
No. R. 506	(Republiek) Wysiging van die Burgermagregulasies
No. R. 510	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Kennisgewing Ingevolge Artikel <i>Tien Quin</i>
No. R. 511	(Republiek) S.A. Spoorweë: Personeelregulasies: Wysigingslys
No. R. 512	(Republiek) S.A. Spoorweë: Personeelregulasies: Wysigingslys
No. R. 575	(Republiek) Handelswaremerkewet 1941: Verbod op die Gebruik van Sekere Merke
No. R. 577	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Naam verwyder van lys wat Gepubliseer is in Goewermentskennisgewing R. 1907 van November 1962
No. R. 579	(Republiek) Wysiging van die Burgermagregulasies
No. R. 580	(Republiek) Wysiging van die Kommandoregulasies

CONTENTS

Page/Bladsy

(Republic) Copyright Act, 1965: Notice of Intended Publication	1
(Republic) Copyright Act, 1965: Royalty System (Records)	2
(Republic) Copyright Act, 1965: Copyright Tribunal (Republic) Amendment to the Commando Regulations	5
(Republic) Government Service Pensions Act, 1965: Amendment	16
(Republic) Government Service Pensions Act, 1965: Amendment	17
(Republic) Government Service Pensions Act, 1965: Amendment	21
(Republic) Government Service Pensions Act, 1965: Amendment	24
(Republic) Amendment to the Regulations for the Permanent Force	28
(Republic) Amendment to the Cadet Corps Regulations	29
(Republic) Amendment to the Commando Regulations (Republic) Amendment to the Citizen Force Regulations	29
(Republic) Amendment to the Citizen Force Regulations	31
(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Notice in terms of Section <i>Ten Quin</i>	31
(Republic) S.A. Railways: Staff Regulations: Schedule of Amendment	33
(Republic) S.A. Railways: Staff Regulations: Schedule of Amendment	33
(Republic) Merchandise Marks Act, 1941: Prohibition of the Use of Certain Marks	34
(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Name Removed from List Published in Government Notice R. 1907 of November, 1962	36
(Republic) Amendment to the Citizen Force Regulations	36
(Republic) Amendment to the Commando Regulations	36

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur, Windhoek.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office, Windhoek.

No. R. 407.] [18 Maart 1966.

WET OP OUTEURSREG, 1965.

KENNISGEWING VAN VOORGENOME
PUBLIKASIE.

Die Minister van Ekonomiese Sake het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (7) van artikel *agt* van die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965), onderstaande regulasies uitgevaardig:—

1. In hierdie regulasies beteken—

„die Wet” die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965). en het

No. R. 407]

[18 March 1966.

COPYRIGHT ACT, 1965.

NOTICE OF INTENDED PUBLICATION.

The Minister of Economic Affairs has, under the powers vested in him by sub-section (7) of section *eight* of the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965), made the following regulations:—

1. In these regulations—

“the Act” means the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965) and

„ou werk” en „nuwe werk” die respektiewe betekenis wat in subartikel (7) van artikel *agt* van die Wet aan daardie uitdrukkings toegeken is.

2. Kennisgewing van 'n voorgename publikasie van 'n nuwe werk vir die toepassing van subartikel (7) van artikel *agt* van die Wet moet deur middel van advertensie in die *Staatskoerant* geskied.

3. Kennisgewing moet twee keer geskied, by die eerste geleentheid sodat dit minstens drie maande, en by die tweede geleentheid sodat dit minstens twee maande, voor die voorgename datum van publikasie verskyn, met 'n tydverloop van minstens 'n maand tussen die twee geleenthede.

4. Sodanige kennisgewing moet die volgende besonderhede bevat:—

- (a) Die naam en adres van die persoon wat van voorneme is om te publiseer, met vermelding van sy voorneme om te publiseer;
- (b) die titel (as daar een is) en 'n beskrywing van die ou werk, en die datum of geskatte datum van maak daarvan;
- (c) die naam van die outeur van die ou werk, indien dit aan die persoon wat van voorneme is om te publiseer, bekend is;
- (d) die naam en adres van die biblioteek, museum of inrigting waar die manuskrip of 'n kopie van die ou werk bewaar word;
- (e) die naam van die persoon van wie die biblioteek, museum of inrigting waar die manuskrip of 'n kopie van die ou werk bewaar word, dit verkry het, of 'n verklaring dat die persoon wat van voorneme is om te publiseer, na redelike navrae nie daarin geslaag het om te bepaal wat die naam van daardie persoon is nie;
- (f) 'n versoek aan enige persoon wat aanspraak daarop maak dat hy die eienaar van die outeursreg op die ou werk is, om kennis van sy aanspraak te gee aan die persoon wat van voorneme is om te publiseer.

5. Hierdie regulasies kan aangehaal word as die Outeursregulasies insake Kennisgewing van Voorgename Publikasie, 1965.

No. R. 408.] [18 Maart 1966.

WET OP OUTEURSREG, 1965.

TANTIËMESTELSEL (OPNAMES).

Die Minister van Ekonomiese Sake het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (11) van artikel *nege* van die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965), onderstaande regulasies uitgevaardig:—

1. (1) Die kennisgewing wat by subartikels (1) en (5) van artikel *nege* van die Wet vereis word, moet die volgende besonderhede bevat:—

- (a) Die naam en adres van die persoon van wie die kennisgewing afkomstig is, hierna „die vervaardiger” genoem;
- (b) die naam van die werk waarna die kennisgewing verwys, hierna „die werk” genoem, 'n beskrywing wat voldoende is om dit te identifiseer, en die naam van die outeur of uitgewer;
- (c) 'n verklaring dat die vervaardiger van voorneme is om opnames van die werk of van 'n aanwending daarvan te maak, en die adres waar hy van voorneme is om sodanige opnames te maak;
- (d) voldoende besonderhede om 'n opname van die werk of van 'n aanwending daarvan wat in die Republiek gemaak of ingevoer is te identifiseer in sodanige omstandighede dat artikel *nege* van die Wet van toepassing is op die opnames wat die vervaardiger van voorneme is om te maak;
- (e) die soort of soorte opnames vir die voorgename reproduksie van die werk of aanwending, en 'n raming van die aantal opnames van elke soort wat aanvanklik bestem is om verkoop of andersins

“old work” and “new work” have the meanings assigned to those expressions in sub-section (7) of section *eight* of the Act.

2. Notice of an intended publication of a new work for the purposes of sub-section (7) of section *eight* of the Act shall be given by advertisement in the *Gazette*.

3. Notice shall be given twice, on the first occasion to appear not less than three months, and on the second not less than two months, before the intended date of publication, with an interval of not less than one month between the two occasions.

4. Such notice shall contain the following particulars:—

- (a) The name and address of the person intending to publish and a statement of his intention to publish;
- (b) the title (if any) and a description of the old work and the date or estimated date of making it;
- (c) the name of the author of the old work, if known to the person intending to publish;
- (d) the name and address of the library, museum or institution in which the manuscript or a copy of the old work is kept;
- (e) the name of the person from whom the library, museum or institution in which the manuscript or a copy of the old work is kept, acquired it or a statement that the person intending to publish has failed after reasonable inquiries to discover the name of that person;
- (f) an invitation to any person claiming to be the owner of the copyright in the old work, to give notice of his claim to the person intending to publish.

5. These regulations may be cited as the Copyright (Notice of Intended Publication) Regulations, 1965.

No. R. 408.]

[18 March 1966.

COPYRIGHT ACT, 1965.

ROYALTY SYSTEM (RECORDS).

The Minister of Economic Affairs has, under the powers vested in him by sub-section (11) of section *nine* of the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965), made the following regulations:—

1. (1) The notice required by sub-sections (1) and (5) of section *nine* of the Act shall contain the following particulars:—

- (a) The name and address of the person by whom the notice is given, hereinafter called “the manufacturer”;
- (b) the name of the work to which the notice refers, hereinafter called “the work”, a description sufficient to identify it and the name of the author or publisher;
- (c) a statement that the manufacturer intends to make records of the work or an adaptation thereof and the address at which he intends to make such records;
- (d) sufficient particulars to identify a record of the work or an adaptation thereof made in or imported into the Republic in such circumstances that section *nine* of the Act applies to the records which the manufacturer intends to make;
- (e) the type or types of record on which it is intended to reproduce the work or adaptation, and an estimate of the number of recordings of each type initially intended to be sold or otherwise supplied for the purpose of retail sale.

(f) die gewone kleinhandelverkoopprys (soos hieronder omskryf) van die opnames, of, indien dit die voorname is om die werk op meer as een soort opname te reproduseer, die gewone kleinhandelverkoopprys van elke soort opname wat die vervaardiger van voorneme is om te maak, en die bedrag van die tantième wat op elke opname betaalbaar is;

(g) die vroegste datum waarop enige van die opnames aan 'n koper gelewer sal word of op 'n ander wyse soos hierbo voormeld voorsien word;

(h) of enige ander musikale, letterkundige of dramatiese werk gereproduseer sal word op dieselfde opname tesame met die werk en, met betrekking tot sodanige ander werk, die besonderhede wat in subparagraaf (b) van hierdie subregulasie voorgeskryf is.

(2) Die kennisgewing moet, minstens dertig dae voordat 'n opname waarop die werk gereproduseer word aan 'n koper gelewer of andersins beskikbaar gestel word soos voormeld, per geregistreerde pos gestuur of by advertensie gepubliseer word soos volg:—

(a) Indien die naam en 'n adres binne die Republiek van die eienaar van die outeursreg of van sy agent vir die ontvangs van kennisgewings bekend is of deur redelike navraag vasgestel kan word, moet die kennisgewing aan sodanige eienaar of sy agent by daardie adres gestuur word.

(b) Indien sodanige naam en adres onbekend is en nie deur redelike navraag vasgestel kan word nie, moet daar in die *Staatskoerant* 'n advertensie geplaas word, met vermelding daarin van die besonderhede wat in paragrawe (a), (b), (c) en (d) van subregulasie (1) voorgeskryf is, en verder met vermelding daarin van 'n adres vanwaar die besonderhede wat in paragrawe (e), (f), (g), en (h) van subregulasie (1) voorgeskryf is, verkry kan word.

2. (1) Tantièmes kan betaal word op sodanige wyse en tye as wat by 'n ooreenkoms tussen die vervaardiger en die eienaar van die outeursreg bepaal is.

(2) Behoudens 'n andersluidende ooreenkoms is die verdere bepalings van hierdie regulasie van toepassing op die wyse en tyd waarop tantièmes betaal moet word, en op die stappe wat gedoen moet word om te verseker dat die eienaar van die outeursreg tantièmes sal ontvang.

(3) (a) Indien die eienaar van die outeursreg binne veertien dae vanaf die datum van die kennisgewing wat in regulasie 1 voorgeskryf is, by skriftelike kennisgewing per geregistreerde pos aan die vervaardiger 'n gerieflik geleë plek in die Republiek aanwys vanwaar kleefetikette verkrygbaar is, moet die vervaardiger skriftelik kennis gee van die aantal en denominasie van die kleefetikette wat hy nodig het en terselfdertyd 'n bedrag aanbied wat gelyk is aan die bedrag van die tantième deur die benodigde kleefetikette verteenwoordig.

(b) Indien die eienaar van die outeursreg die benodigde kleefetikette verstrek binne veertien dae vanaf ontvangs van die kennisgewing wat by subparagraaf (a) van hierdie subregulasie deur die vervaardiger gegee moet word, mag die vervaardiger geen opname wat deur hom gemaak is en waarna die kennisgewing in regulasie 1 voorgeskrewe verwys, aan 'n koper lewer of andersins beskikbaar stel vir verkoop in die kleinhandel nie tensy daar op die betrokke opname, of (indien die soort opname sodanig is dat dit redelikerwys ondoenlik is om 'n kleefetiket daarop te plak) op die houder waarin dit bedoel is om aan 'n kleinhandelaar gelewer te word, 'n kleefetiket verskaf soos voormeld aangebring is wat verteenwoordigend is van die bedrag van die tantième wat ten opsigte van daardie opname betaalbaar is.

(4) (a) Indien die eienaar van die outeursreg nie die stappe in subparagraawe (a) en (b) van subregulasie (3) gespesifiseer, binne die tye wat onderskeidelik daarin gespesifiseer is, doen nie, kan die vervaardiger enige opname waarna die kennisgewing gespesifiseer in regulasie

(f) the ordinary retail selling price (as hereinafter defined) of the records, or, where it is intended to reproduce the work on more than one type of record the ordinary retail selling price of each type of record which the manufacturer intends to make and the amount of the royalty payable on each record;

(g) the earliest date on which any of the records will be delivered to a purchaser or otherwise supplied as aforesaid;

(h) whether any other musical, literary or dramatic work is to be reproduced on the same record with the work and, in relation to any such other work, the particulars specified in sub-paragraph (b) of this sub-regulation.

(2) The notice shall, not less than thirty days before any record on which the work is reproduced is supplied to a purchaser or otherwise made available as aforesaid, be sent by registered post or published by advertisement as follows:—

(a) If the name and an address within the Republic of the owner of the copyright, or of his agent for the receipt of notice, are known or can be by reasonable inquiry be ascertained, the notice shall be sent to such owner or agent at such address;

(b) if such name and address are not known and cannot by reasonable inquiry be ascertained, an advertisement shall be inserted in the *Gazette* giving the particulars specified in paragraphs (a), (b), (c) and (d) of sub-regulation (1) and stating an address from which the particulars specified in paragraphs (e), (f), (g) and (h) of sub-regulation (1) may be obtained.

2. (1) Royalties may be paid in such manner and at such times as are specified in any agreement which may be made between the manufacturer and the owner of the copyright.

(2) In the absence of any agreement to the contrary, the following provisions of this regulation shall apply to the manner in and the time at which royalties shall be paid and to the steps to be taken to ensure the receipt of royalties by the owner of the copyright.

(3) (a) If, within fourteen days of the date of the notice prescribed in regulation 1, the owner of the copyright intimates to the manufacturer, by notice in writing sent by registered post, some convenient place within the Republic from which adhesive labels can be obtained, the manufacturer shall by notice in writing specify the number and denomination of the labels which he requires and at the same time tender a sum equivalent to the amount of royalty represented by the labels required.

(b) If, within fourteen days of receipt of the notice required by paragraph (a) of this sub-regulation to be given by the manufacturer, the copyright owner supplies the labels required, the manufacturer shall not deliver to a purchaser or otherwise make available for the purpose of its being sold by retail any record made by him to which the notice prescribed in regulation 1 refers unless there is attached thereto, or (if the type of record is such that it is not reasonably practicable to attach an adhesive label thereto) to the container in which it is intended to be delivered to a retail purchaser, a label supplied as aforesaid and representing the amount of the royalty payable in respect of that record.

(4) (a) If the owner of the copyright does not take the steps specified in sub-paragraphs (a) and (b) of sub-regulation (3) within the times therein respectively specified, the manufacturer may deliver to a purchaser or otherwise make available as aforesaid any record to

1 hiervan verwys, aan 'n koper lewer of andersins beskikbaar stel soos voormeld, sonder om aan die vereistes van subregulasie (3) van hierdie regulasie te voldoen.

(b) Die vervaardiger moet rekening hou van alle opnames wat deur hom aan 'n koper gelewer of andersins beskikbaar gestel is soos voormeld ooreenkomstig hierdie subregulasie, en die bedrag van die tantième wat ten opsigte daarvan aan die eienaar van die outeursreg verskuldig is, moet na 'n spesiale rekening oorgedra word en in trust vir die eienaar van die outeursreg gehou word.

(5) Indien die vervaardiger ten opsigte van enige opnames die stappe doen wat, na gelang van die geval, in paragraaf (3) of (4) van hierdie regulasie gespesifiseer is, word die doen van daardie stappe geag as betaling van tantième te wees op daardie opnames ooreenkomstig paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel *nege* van die Wet.

(6) Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken „die datum van die kennisgewing wat in regulasie 1 voorgeskryf is”—

(a) in gevalle waar die kennisgewing per geregistreerde pos gestuur moet word, die datum waarop die kennisgewing in die gewone loop van pos afgelewer sou word;

(b) in gevalle waar die kennisgewing in die *Staatskoerant* geadverteer moet word, die datum van die advertensie.

(7) Die kleefetiket wat soos voormeld verstrekk word, moet 'n vierkantige kleefetiket wees met 'n ontwerp binne 'n sirkel en met 'n sykant hoogstens $\frac{3}{4}$ duim lank. Die kleefetiket moet nie 'n afbeeldsel van enige persoon vertoon nie, en ook nie 'n woord, merk of ontwerp waaruit vermoed kan word dat die kleefetiket deur of op gesag van die Staat uitgereik is ter aanwysing van 'n belasting aan die Staat betaalbaar.

3. Die gewone kleinhandelverkoopprys van 'n opname word bereken teen die gemerkte of katalogusverkoopprys van enkele opnames aan die publiek, of, indien daar geen sodanige gemerkte of katalogusverkoopprys is nie, dan teen die hoogste prys waarvoor enkel opnames gewoonlik aan die publiek verkoop gaan word.

4. (1) Die navrae waarna in subartikel (7) van artikel *nege* van die Wet verwys word, moet by name aan die eienaar van die outeursreg gerig word of (indien sy naam onbekend is en nie deur redelike navraag vasgestel kan word nie), in algemene bewoording aan „die eienaar van die outeursreg” van die werk ten opsigte waarvan die navrae gedoen word, en moet die volgende bevat:—

(a) 'n Opgawe van die naam van die musikale, letterkundige of dramatiese werk ten opsigte waarvan die navrae gedoen word, 'n voldoende beskrywing om dit te identifiseer, en die naam van die outeur of uitgewer;

(b) 'n opgawe van die naam en adres van die persoon wat die navrae doen;

(c) 'n verklaring dat 'n opname van die werk of van 'n aanwending daarvan voorheen in die Republiek gemaak of ingevoer is vir verkoop in die kleinhandel, asook die handelsnaam daarvan (indien dit bekend is) en 'n voldoende beskrywing van sodanige opname om dit te identifiseer;

(d) 'n navraag of die aldus beskrewe opname deur of met vergunning van die eienaar van die outeursreg in die Republiek gemaak of ingevoer is vir verkoop in die kleinhandel.

(2) Die navrae moet per geregistreerde pos gestuur of deur middel van 'n advertensie gepubliseer word soos volg:—

(a) Indien 'n adres, in die Republiek, van die eienaar van die outeursreg of van sy agent bekend is of deur redelike navraag vasgestel kan word, moet die navrae aan sodanige adres gerig word.

(b) Indien so 'n adres nie bekend is en nie deur redelike navraag vasgestel kan word nie, moet die navrae in die *Staatskoerant* geadverteer word.

which the notice specified in regulation 1 hereof refers, without complying with the requirements of sub-regulation (3) of this regulation.

(b) The manufacturer shall keep an account of all records delivered by him to a purchaser or otherwise make available as aforesaid in accordance with this sub-regulation, and the amount of the royalties due to the owner of the copyright in respect thereof shall be transferred to a special account and held in trust for the owner of the copyright.

(5) If the manufacturer takes in respect of any records the steps specified in paragraph (3) or (4), as the case may be, of this regulation, the taking of those steps shall be deemed to constitute the payment of royalties on those records in accordance with paragraph (d) of sub-section (1) of section *nine* of the Act.

(6) For the purposes of this regulation “the date of the notice prescribed in regulation 1” means—

(a) in cases where the notice is required to be sent by registered post, the date when the notice would in ordinary course of post be delivered;

(b) in cases where the notice is required to be advertised in the *Gazette*, the date of such advertisement.

(7) The adhesive label supplied as aforesaid shall be an adhesive label, square in shape, the design to be entirely enclosed within a circle and the side of the label to be not greater than $\frac{3}{4}$ inch in length. The label shall not contain the effigy of any person, nor any word, mark or design such as to suggest that the label is issued by or under the authority of the Government for the purpose of denoting any duty payable to the Government.

3. The ordinary retail selling price of any record shall be calculated at the marked or catalogued selling price of single records to the public, or, if there is no such marked or catalogued selling price, then at the highest price at which single records are ordinarily to be sold to the public.

4. (1) The inquiries referred to in sub-section (7) of section *nine* of the Act shall be directed to the owner of the copyright by name or (if his name is not known and cannot by reasonable inquiry be ascertained) in general terms as “the owner of the copyright” in the work in respect of which the inquiries are made, and shall contain—

(a) a statement of the name of the musical, literary or dramatic work in respect of which the inquiries are made, a description sufficient to identify it and the name of the author or publisher;

(b) a statement of the name and address of the person making the inquiries;

(c) a statement that a record of the work or an adaptation thereof has previously been made in or imported into the Republic for the purposes of retail sale, with the trade name (if known) and a description of such record sufficient to identify it;

(d) an inquiry whether the record so described was made in or imported into the Republic for the purposes of retail sale by or with the licence of the owner of the copyright.

(2) The inquiries shall be sent by registered post or published by advertisement as follows:—

(a) If an address within the Republic of the owner of the copyright or his agent is known or can by reasonable inquiry be ascertained, the inquiries shall be sent to such address;

(b) if such an address is not known and cannot by reasonable inquiry be ascertained, the inquiries shall be advertised in the *Gazette*.

(3) Die voorgeskrewe tyd vir beantwoording van sodanige navrae is—

- (a) in die geval van 'n navraag behoorlik per geregi-streerde pos gerig, veertien dae na die datum waarop die navraag in die gewone loop van pos afgelewer sou word;
- (b) in die geval van 'n navraag behoorlik in die *Staatskoerant* geadverteer, veertien dae na die datum van sodanige advertensie.

5. In hierdie regulasies beteken „die Wet” die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965).

6. Die regulasies uitgevaardig kragtens Goewermentskennisgewing No. 1545 van 1916, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 317 van 1934 en 823 van 1942, word hierby herroep.

7. Hierdie regulasies kan aangehaal word as die Regulasies insake Outeursreg Tantiëmestelsel (Opnames), 1965.

No. R. 414.]

[18 Maart 1966.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

WET OP OUTEURSREG, 1965.

OUTEURSREGHOF.

Die Minister van Ekonomiese Sake het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf 2 van die Vierde Bylae van die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965), die volgende reëls uitgevaardig:—

Inleidend.

1. Hierdie reëls kan aangehaal word as die Outeursreghofreëls, 1966.

Woordomskrywing.

2. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie reëls—

„die Wet” die Wet op Outeursreg, 1965 (Wet No. 63 van 1965), en enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is het dieselfde betekenis in hierdie proklamasie;

„die Kommissaris” die persoon deur wie die werksaamhede van die Outeursreghof uitgevoer word;

„die kantoor” en „die Registrateur” onderskeidelik die kantoor van die Registrateur van Patente en die Registrateur van Patente soos in artikel vyf van die Wet op Patente, 1952 (Wet No. 37 van 1952) omskryf, waar die hofstukke van die Outeursreghof in stand gehou moet word;

„die Outeursreghof” die Outeursreghof wat by artikel vier-en-twintig van die Wet ingestel is.

Registrateur van Outeursreghof.

3. Die Registrateur, of enige lid van sy personeel soos deur hom aangewys, moet as Griffier van die Outeursreghof optree.

Begin van verrigtings.

4. (1) 'n Lisensieskema kan ingevolge artikel ses-en-twintig van die Wet verwys word of ingevolge artikel sewen-en-twintig weer verwys word, en 'n aansoek om 'n verklaring dat die aansoeker op 'n lisensie geregtig is, kan ingevolge artikel agt-en-twintig gedoen word deur 'n kennisgewing wat in hoofsaak met Vorm 1, Vorm 2 of Vorm 3, na gelang van die geval, ooreenstem, aan die Registrateur te bestel.

(2) In die geval van 'n verwysing ingevolge artikel ses-en-twintig, of van 'n aansoek ingevolge artikel agt-en-twintig, moet die organisasie of persoon wat die verwysing of aansoek laat plaas vind, tegelykertyd 'n afskrif van die kennisgewing wat in subreël (1) van hierdie reël bedoel is, bestel aan die lisensiegewende liggaam of persoon in die kennisgewing genoem.

(3) The prescribed time for reply to such inquiries shall be—

- (a) to an inquiry duly sent by registered post, fourteen days after the date when the inquiry would in ordinary course of post be delivered;
- (b) to an inquiry duly advertised in the *Gazette*, fourteen days after the date of such advertisement.

5. In these regulations “the Act” means the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965).

6. The regulations published under Government Notice No. 1545 of 1916, as amended by Government Notices Nos. 317 of 1934 and 823 of 1942 are hereby repealed.

7. These regulations may be cited as the Copyright Royalty System (Records) Regulations, 1965.

No. R. 414]

[18 March 1966.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

COPYRIGHT ACT, 1965.

COPYRIGHT TRIBUNAL.

The Minister of Economic Affairs has, under the powers vested in him by paragraph 2 of the Fourth Schedule to the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965), made the following rules:—

Preliminary.

1. These Rules may be cited as the Copyright Tribunal Rules, 1965.

Interpretation.

2. In these rules, unless the context otherwise indicates—

“the Act” means the Copyright Act, 1965 (Act No. 63 of 1965) and any expression to which a meaning has been assigned in the Act, bears when used in this proclamation the same meaning;

“the Commissioner” means the person performing the functions of the Tribunal;

“the office” and “the Registrar”, mean respectively the office of the Registrar of Patents and the Registrar of Patents as defined by section five of the Patents Act, 1952 (Act No. 37 of 1952), where the court records of the Tribunal shall be maintained;

“the Tribunal” means the Copyright Tribunal established by section twenty-four of the Act.

Registrar of Copyright Tribunal.

3. The Registrar or any member of his staff delegated by him shall act as Registrar of the Copyright Tribunal.

Commencement of Proceedings.

4. (1) A licence scheme may be referred under section twenty-six of the Act or referred again under section twenty-seven, and an application for a declaration that the applicant is entitled to a licence may be made under section twenty-eight by serving on the Registrar a notice substantially in accordance with Form 1, Form 2, or Form 3, as the case may be.

(2) In the case of a reference under section twenty-six or an application under section twenty-eight, the organisation or person at whose instance the reference or application is made, shall at the same time serve a copy of the notice referred to in sub-rule (1) of this rule on the licensing body or person named in the notice.

(3) In die geval van 'n verdere verwysing ingevolge artikel *sewe-en-twintig* moet die lisensiegewende liggaam, organisasie of persoon wat die verdere verwysing laat plaasvind, tegelykertyd 'n afskrif van die kennisgewing wat in subreël (1) van hierdie reël bedoel is, bestel aan al die partye by die verwysing na aanleiding waarvan die Outeursreghof die vorige bevel ten opsigte van die lisensieskema gegee het.

Aansoek om spesiale verlof ingevolge artikel sewe-en-twintig (2).

5. (1) 'n Lisensiegewende liggaam, organisasie of persoon wat die spesiale verlof van die Outeursreghof ingevolge subartikel (2) van artikel *sewe-en-twintig* van die Wet wil aanvra, kan dit doen deur 'n kennisgewing wat in hoofsaak met Vorm 4 ooreenstem, te bestel aan die Registrateur en aan al die partye by die verwysing na aanleiding waarvan die Outeursreghof die vorige bevel ten opsigte van die lisensieskema gegee het.

(2) Die Outeursreghof moet, na gelang van wat hy billik ag, met die aansoek handel en daaroor beskik nadat oorweging geskenk is aan enige skriftelike vertoë wat binne dertig dae na bestelling van die kennisgewing van aansoek voorgelê is deur enige persoon aan wie die kennisgewing bestel was, en, indien die Outeursreghof dit goedvind, nadat aan die aansoeker en aan alle sodanige persone, soos voormeld, 'n geleentheid gebied was om in verband met die aansoek aangehoor te word.

Bekendmaking van verwysing of aansoek.

6. (1) Tensy die Outeursreghof anders gelas, moet die party wat verrigtings begin, deur middel van 'n advertensie in die *Staatskoerant* kennis gee van elke verwysing ingevolge artikel *ses-en-twintig* of *sewe-en-twintig* van die Wet en van elke aansoek ingevolge artikel *agt-en-twintig*: Met dien verstande dat 'n verwysing deur 'n organisasie wat volgens sy bewering persone verteenwoordig wat lisensies verlang, nie geadverteer moet word nie alvorens die Outeursreghof ooreenkomstig reël 7 beslis het dat die organisasie redelikerwys verteenwoordigend van sulke persone is.

(2) 'n Advertensie ingevolge subreël (1) van hierdie reël moet die volgende meld:—

- (a) Die naam en adres van die lisensiegewende liggaam, organisasie of persoon deur wie die verwysing of aansoek gedoen word;
- (b) die name en adresse van die lisensiegewende liggaam en van alle ander persone aan wie afskrifte van die verwysing of aansoek bestel is;
- (c) die aard van die verwysing of aansoek;
- (d) die tyd, nie minder nie as dertig dae na publikasie van die advertensie, waarin enige organisasie of persoon by die Outeursreghof aansoek kan doen om as 'n party by die verrigtings bygevoeg te word.

Aansoek om as 'n party bygevoeg te word.

7. 'n Aansoek aan die Outeursreghof deur 'n organisasie of persoon wat volgens sy bewering 'n wesentlike belang by die onderwerp van die geskil het om as 'n party by 'n verwysing ingevolge artikel *ses-en-twintig* of *sewe-en-twintig* van die Wet of by 'n aansoek ingevolge artikel *agt-en-twintig* bygevoeg te word, kan gedoen word deur 'n kennisgewing wat in hoofsaak met Vorm 5 ooreenstem te bestel aan die Registrateur en aan al die partye genoem in die advertensie soos vereis deur reël 6 of, by ontstentenis van sodanige advertensie, dan aan sodanige persone soos die Outeursreghof mag bepaal.

Voorafgaande punte van behandeling.

8. (1) 'n Lisensiegewende liggaam vermeld in 'n verwysing ingevolge artikel *ses-en-twintig* of *sewe-en-twintig* van die Wet deur 'n organisasie wat volgens sy bewering verteenwoordigend is van persone wat lisensies verlang, kan teen die verwysing beswaar maak op grond daarvan dat die organisasie nie redelikerwys verteenwoordigend is van die klas van persone wat hy volgens sy bewering ver-

(3) In the case of a further reference under section twenty-seven, the licensing body, organisation or person at whose instance the further reference is made, shall at the same time serve a copy of the notice referred to in sub-rule (1) of this rule on all the parties to the reference on which the Tribunal made the previous order with respect to the licence scheme.

Application for Special Leave under Section twenty-seven (2).

5. (1) A licensing body, organisation or person desiring to apply for the special leave of the Tribunal under sub-section (2) of section *twenty-seven* of the Act may do so by serving a notice substantially in accordance with Form 4 on the Registrar and on all the parties to the reference on which the Tribunal made the previous order with respect to the licence scheme.

(2) The Tribunal shall deal with and dispose of the application as it thinks just, after considering any representations in writing made within thirty days after service of notice of the application by any person on whom the notice was served, and, if the Tribunal thinks fit, after giving the applicant and all such persons as aforesaid an opportunity of being heard on the application.

Advertisement of Reference or Application.

6. (1) Except where the Tribunal otherwise directs, the party originating proceedings shall give notice by advertisement in the *Gazette* of every reference under section *twenty-six* or *twenty-seven* of the Act and of every application under section *twenty-eight*: Provided that a reference by an organisation claiming to be representative of persons requiring licences shall not be advertised until the Tribunal has decided in accordance with Rule 7 that the organisation is reasonably representative of such persons.

(2) An advertisement under sub-rule (1) of this rule shall state—

- (a) the name and address of the licensing body, organisation or person at whose instance the reference or application is made;
- (b) the names and addresses of the licensing body and of all other persons on whom copies of the reference or application have been served;
- (c) the nature of the reference or application;
- (d) the time, not being less than thirty days from the publication of the advertisement, within which any organisation or person may apply to the Tribunal to be made a party to the proceedings.

Application to be made a Party.

7. An application to the Tribunal by any organisation or person claiming to have a substantial interest in the matter in dispute to be made a party to a reference under section *twenty-six* or *twenty-seven* of the Act or to an application under section *twenty-eight*, may be made by serving a notice substantially in accordance with Form 5 on the Registrar and on all the parties mentioned in the advertisement by Rule 6, or, where there has been no such advertisement, then on such persons as the Tribunal may direct.

Preliminary Questions.

8. (1) A licensing body named in a reference under section *twenty-six* or *twenty-seven* of the Act by an organisation claiming to be representative of persons requiring licences, may object to the reference on the ground that the organisation is not reasonably represen-

(2) 'n Lisensiegewende liggaam, organisasie of persoon, wat 'n verwysing ingevolge artikel *ses-en-twintig* of *sewe-en-twintig* van die Wet of 'n aansoek ingevolge artikel *agt-en-twintig* laat plaasvind, of 'n lisensiegewende liggaam in sodanige verwysing of aansoek vermeld, kan teen 'n aansoek deur 'n organisasie of persoon om as 'n party by die verrigtings bygevoeg te word, beswaar maak op grond daarvan dat sodanige organisasie of persoon geen wesentlike belang by die onderwerp van die geskil het nie.

(3) 'n Beswaar ingevolge subreël (1) of (2) van hierdie reël word gemaak deur 'n kennisgewing wat in hoofsaak ooreenstem met Vorm 6 of Vorm 7, na gelang van die geval, aan die Registrateur te bestel binne dertig dae na bestelling van die kennisgewing van die verwysing of aansoek waarteen beswaar gemaak word.

(4) 'n Afskrif van die kennisgewing vereis in subreël (3) van hierdie reël moet gelyktydig bestel word—

(a) in die geval van 'n beswaar teen 'n verwysing, aan die organisasie wat die verwysing laat plaasvind;

(b) in die geval van 'n beswaar teen 'n aansoek om bygevoeg te word as 'n party by 'n verwysing of by 'n aansoek ingevolge artikel *agt-en-twintig* van die Wet, aan die organisasie of persoon wat aansoek doen om as 'n party bygevoeg te word, en aan enige ander lisensiegewende liggaam, organisasie of persoon as die beswaarmaker wat geregtig is om kennis van beswaar te gee ingevolge subreël (2) van hierdie reël.

(5) Alvorens beslis word of die organisasie redelikerwys verteenwoordigend is van die klas van persone wat hy volgens sy bewering verteenwoordig, of, na gelang van die geval, die organisasie of persoon wat aansoek doen om as 'n party by die verrigtings bygevoeg te word, 'n wesentlike belang by die onderwerp van die geskil het, moet die Outeursreghof aan sodanige organisasie of persoon 'n geleentheid bied om skriftelik kommentaar te lewer op enige beswaar waarvan kennis gegee is ingevolge subreël (3) van hierdie reël, en kan, na goeddunke, aan sodanige organisasie of persoon soos voormeld, die beswaarmaker en enige lisensiegewende liggaam of persoon daarby betrokke 'n geleentheid bied om in verband met die beswaar aangehoor te word.

(6) By onstentenis van 'n kennisgewing van beswaar ingevolge subreël (3) van hierdie reël, moet die Outeursreghof so gou doenlik oorweeg of die organisasie wat die verwysing laat plaasvind, redelikerwys verteenwoordigend is van die klas van persone wat hy volgens sy bewering verteenwoordig of, na gelang van die geval, die organisasie of persoon wat aansoek doen om as 'n party by die verrigtings bygevoeg te word, 'n wesentlike belang by die onderwerp van die geskil het en redelikerwys as 'n party bygevoeg behoort te word: Met dien verstande dat die Outeursreghof nie tot 'n ongunstige beslissing mag kom nie sonder om aan die betrokke organisasie of persoon 'n geleentheid te bied om skriftelike verhoë aan die Outeursreghof voor te lê, of, indien die Outeursreghof dit goedvind, en sodanige organisasie of persoon dit verlang, om aangehoor te word.

(7) Die Registrateur moet skriftelik van die Outeursreghof se beslissing kennis gee aan die organisasie wat die verwysing laat plaasvind, of, na gelang van die geval, aan die organisasie of persoon wat aansoek doen om as 'n party by die verrigtings bygevoeg te word, en aan al die ander partye by die verrigtings. In die geval van 'n verdere verwysing ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Wet, moet kennis van die Outeursreghof se beslissing ook gegee word aan enige ander persone wat partye was by die verwysing ten opsigte waarvan die Outeursreghof die vorige bevel met betrekking tot die lisensieskema gegee het.

Oorweging van verwysings en aansoeke.

9. (1) Die Registrateur moet ten opsigte van elke verwysing ingevolge artikel *ses-en-twintig* of *sewe-en-twintig* van die Wet, of aansoek ingevolge artikel *agt-en-twintig*, so gou doenlik nadat alle voorafgaande geskilpunte ingevolge reël 8 afgehandel is, 'n datum bepaal waarop die Outeursreghof die verwysing of aansoek sal oorweeg; en die Registrateur moet minstens dertig dae vooraf aan al die partye by die verwysing of aansoek skriftelik kennis gee van die aldus bepaalde datum.

(2) A licensing body, organisation or person at whose instance a reference under section *twenty-six* or *twenty-seven* of the Act or an application under section *twenty-eight* is made, or a licensing body named in any such reference or application, may object to any application by an organisation or person to be made a party to the proceedings on the ground that such organisation or person has no substantial interest in the matter in dispute.

(3) An objection under sub-rule (1) or (2) of this rule shall be made by serving on the Registrar a notice substantially in accordance with Form 6 or Form 7, as the case may be, within thirty days of service of notice of the reference or application which is the subject of the objection.

(4) A copy of the notice required by sub-rule (3) of this rule shall at the same time be served—

(a) in the case of objection to a reference, on the organisation at whose instance the reference is made;

(b) in the case of objection to an application to be made a party to a reference or to an application under section *twenty-eight* of the Act, on the organisation or person applying to be made a party and on any licensing body, organisation or person other than the objector entitled to give notice of objection under sub-rule (2) of this rule.

(5) Before determining whether the organisation is reasonably representative of the class of person it claims to represent, or, as the case may be, whether the organisation or person applying to be made a party to the proceedings has a substantial interest in the matter in dispute, the Tribunal shall give such organisation or person an opportunity of commenting in writing on any objection of which notice has been given under sub-rule (3) of this rule and may, if it thinks fit, give such organisation or person, as aforesaid, the objector and any licensing body or person concerned an opportunity of being heard on the objection.

(6) If no notice of objection is given under sub-rule (3) of this rule, the Tribunal shall as soon as is practicable, consider whether the organisation at whose instance the reference is made, is reasonably representative of the class of persons it claims to represent or, as the case may be, whether the organisation or person applying to be made a party to the proceedings has a substantial interest in the matter in dispute and ought reasonably to be made a party: Provided that the Tribunal shall not reach an adverse decision without giving the organisation or person concerned an opportunity of making representations in writing to the Tribunal or, if the Tribunal thinks fit and such organisation or person so desires, of being heard.

(7) The Registrar shall give notice in writing of the Tribunal's decision to the organisation at whose instance the reference is made or, as the case may be, to the organisation or person applying to be made a party to the proceedings, and to all other parties to the proceedings. In the case of a further reference under section *twenty-seven* of the Act, notice of the Tribunal's decision shall also be given to any other persons who were parties to the reference on which the Tribunal made the previous order with respect to the licence scheme.

Consideration of References and Applications.

9. (1) The Registrar shall fix a date for the consideration by the Tribunal of every reference under section *twenty-six* or *twenty-seven* of the Act, or application under section *twenty-eight*, as soon as is practicable after all preliminary questions have been disposed of under Rule 8; and the Registrar shall give not less than thirty days prior notice in writing of the date so fixed to all parties to the reference or application.

(2) Elke party wat skriftelik vertoë aan die Outeursreghof wil rig, moet minstens veertien dae voor die datum wat ingevolge subreël (1) van hierdie reël bepaal is, 'n afskrif van sy vertoë aan die Registrateur en aan elke ander party by die verrigtings bestel.

(3) Enige party wat verlang dat 'n verwysing of aansoek vir verhoor voor die Outeursreghof moet dien, kan minstens sewe dae voor die datum wat ingevolge subreël (1) van hierdie reël bepaal is, 'n kennisgewing met daardie strekking ooreenkomstig Vorm 8 aan die Registrateur en aan elke ander party by die verrigtings bestel en in daardie geval bepaal die Outeursreghof 'n plek en tyd vir die verhoor, en die Registrateur moet skriftelik kennis van die aldus bepaalde plek en tyd aan al die partye by die verrigtings gee.

(4) Indien geen party ingevolge subreël (3) van hierdie reël 'n kennisgewing waarby 'n verhoor versoek word, bestel nie, gaan die Outeursreghof daartoe oor om die verwysing of aansoek te oorweeg en gee sodanige bevel in verband daarmee as wat dit regverdig ag, nadat oorweging geskenk is aan al die vertoë wat ontvang is deur die Outeursreghof ter ondersteuning van en as beswaar teen die verwysing of aansoek, na gelang van die geval.

Prosedure van verhoor.

10. (1) Indien kennis gegee word deur enige party wat 'n verhoor ingevolge subreël (3) van reël 9 versoek, is elke party by die verwysing of aansoek geregtig om die verhoor by te woon en om die Outeursreghof toe te spreek en om mondelinge getuienis te lei.

(2) Die verhoor moet in die openbaar plaasvind.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie reëls het die Outeursreghof, by enige verhoor of geding voor hom, al die bevoegdhede en regsmag wat 'n regter besit wanneer hy alleen sit vir die verhoor van 'n siviele geding voor 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof, en hy kan, onderworpe aan hierdie reëls, die prosedure voor hom reguleer ooreenkomstig die reëls wat van toepassing is op die voorsetting van verrigtinge in die verskeie provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

Interlokatoriese aansoeke.

11. (1) Enige verrigtinge voor die Outeursreghof wat nie tot in finale bevel lei nie, moet deur die Outeursreghof afgehandel word.

(2) Die aansoek moet skriftelik gedoen word met vermelding van die gronde waarop dit gedoen word, en moet aan die Registrateur gestuur word.

(3) Indien al die partye by die verrigtings tot die aansoek toestem, moet dit vergesel gaan van toestemmings deur of namens hulle onderteken; en in enige ander geval moet 'n afskrif van die aansoek, voordat dit gedoen word, deur die aansoeker aan elke ander party bestel word, en die aansoek moet vermeld dat dit gedoen is.

(4) Enige party wat teen die aansoek beswaar maak, kan binne sewe dae nadat hy 'n afskrif daarvan ontvang het, skriftelike kennis van beswaar aan die Registrateur en aan die aansoeker stuur, en in sodanige geval moet die Outeursreghof, voordat hy die aansoek afhandel, oorweging skenk aan enige beswaar waarvan kennis gegee is soos voormeld, en kan dit, na goeddunke, aan al die betrokke partye 'n geleentheid bied om aangehoor te word.

Samevatting van verrigtings.

12. Wanneer meer as een verwysing ingevolge artikel *ses-en-twintig* of *sewe-en-twintig* van die Wet met betrekking tot dieselfde lisensieskema, of meer as een aansoek ingevolge artikel *agt-en-twintig* met ontrekking tot dieselfde lisensiegewende liggaam of persoon, in die Outeursreghof hangende is, kan die Outeursreghof, na goeddunke, of uit eie beweging of na 'n aansoek ingevolge reël 11 beveel dat sommige of al die verwysings of aansoeke, na gelang van die geval, saam oorweeg moet word, en kan dit sulke daaruitvolgende opdragte gee as wat nodig mag wees: Met dien verstande dat die Outeursreghof geen bevel kragtens hierdie reël uit eie beweging mag gee nie sonder om aan al die betrokke partye 'n redelike geleentheid te bied om teen die voorgestelde bevel beswaar te maak.

(2) Every party who wishes to make representations in writing to the Tribunal, shall serve a copy of his representations on the Registrar and on every other party to the proceedings not less than fourteen days before the date fixed under sub-rule (1) of this rule.

(3) Any party who desires the reference or application to be dealt with at a hearing before the Tribunal, may serve notice to that effect in accordance with Form 8 on the Registrar and on every other party to the proceedings not less than seven days before the date fixed under sub-rule (1) of this rule, and in that case the Tribunal shall fix a place and time for the hearing and the Registrar shall give notice in writing of the place and time so fixed to all parties to the proceedings.

(4) If no party serves notice requesting a hearing under sub-rule (3) of this rule, the Tribunal shall proceed to consider the reference or application and shall make such order thereon as it thinks just after considering all representations received by the Tribunal in support of and in opposition to the reference or application, as the case may be.

Procedure at Hearing.

10. (1) If notice is given by any party requesting a hearing under sub-rule (3) of Rule 9, every party to the reference or application shall be entitled to attend the hearing and to address the Tribunal and call oral evidence.

(2) The hearing shall be in public.

